Tema: Bid dat God ons geestelike leiers deur Christus beskerm teen die aanvalle van Satan.

Lofsang met die oog op die erediens
Lied 464:1, 3, 4
Lied 258: 1, 3 (Mel van Sb 7-2)

Ontmoetingsdiens
Intreelied Ps. 122-1: 1, 2
Votum
Seën
Lofsang Ps. 2-1: 1, 3, 6 (Tweede Mel)
Geloofsbelydenis: NGB art 30

Verootmoedigingsdiens
Wetlesing: Fokus op Vyfde gebod - HK Sondag 39
Sing Ps. 25-1: 3
Gebed

Woorddiens
Skriflesing: Johannes 17: 1 - 19 en Lukas 22: 24 - 34 Fokusverse: vers 31 en 32
Sing Sb 14-3: 1, 3
Woordverkondiging

Antwoorddiens
Gebed
Liefdegawes
Sing Lied 477: 1, 2
Seën
Amenlied Sb 13-3.

Wapendraerseremonie
Uiteensetting van doelwit en uitdeel van wapendraer toewydingskaartjies
Voorstel van gemeentelike leiers
Gebed deur Dries Schutte
Gemeente sing die gemeenteleiers die seënbede van Ps. 20-1: 1, 2, 6
Gemeente handig kaartjies in by die deure en ontvang Wapendraer-toerustingsmateriaal van die Vlamvat-taakspan
Ons sal die tema met Nagmaal opvolg wanneer ek ook my gebedsvisie met die gemeente sal deel.

Is jy ʼn wapendraer?

Dit is die vraag waarmee ons enkele weke gelede vandag se Woordverkondiging ingelei het! Ons het die afgelope weke as deel van ons Vlamvat projek hierdie metafoor gebruik om by ons almal die Skrifwaarheid tuis te bring dat soos die konings wat gaan veg het, van die beste soldate gebruik het om hulle wapendraers te wees om hulle teen die aanvalle van die vyand te beskerm, so moet gelowiges deur gebed die leiers teen die aanvalle van die bose beskerm.

Vanmore openbaar die Here Jesus dat Hy so ʼn Wapendraer vir die leiers van die kerk was en steeds is! En nie net vir die leiers nie, maar dat Jesus vandag nog in besondere sin as Wapendraer vir elke gelowige optree. Hy bid vandag steeds vir my en vir jou!

En daarom is die boodskap vanmore: Bid dat God ons geestelike leiers deur Christus beskerm teen die aanvalle van die Satan. Christus is ʼn Wapendraer en ons almal moet ook een wees!

Ja, ons Here Jesus was en is ʼn man van gebed! Toe Hy op aarde was het Hy sy werk biddend gedoen! Want Hy het geweet dat gebed die krag van God in ʼn mens se lewe ontsluit en Hy kon nie daarsonder lewe nie. Ons lees dikwels dat Hy vroeg in die more – eintlik nog in die nag -opgestaan het en Hom afgesonder het om te gaan bid! Hy het ook nagte deur gebid wanneer Hy groot besluite moes neem soos toe Hy die 12 dissipels moes aanwys om die leiers van die kerk op aarde te word. Wanneer Hy voor die grootste krisis van sy lewe te staan kom – later hierdie selfde nag waarvan ons gelees het - dan berei Hy Hom in ernstige gebed in Getsemané daarvoor voor!

En hierdie laaste aand saam met sy dissipels sien ons ons Here ook as Wapendraer optree vir sy dissipels. Dit was ʼn aangrypende aand en nag saam met sy dissipels. Dit was die Pasga-fees waar die Jode in opdrag van die Here ʼn lammetjie geslag het en saam geëet het om hulle verlossing uit Egipte te herdenk! Jesus het opdrag gegee dat Hy en sy dissipels ook saam Pasgamaaltyd eet. Vir oulaas wil Hy die 12 en eintlik later die 11 toekomstige leiers van die kerk toerus vir hulle taak!

Hy stel daar aan tafel die Nagmaal in die plek van die Pasga in, Hy leer sy dissipels hoe hulle mekaar moet dien deur hulle voete te was toe daar onder hulle stryery kom oor wie die belangrikste is. Hy praat met hulle oor sy lyding en berei hulle voor dat Hy moet teruggaan na sy Vader! Hy vertel hulle van die Heilige Gees wat sou kom om hulle te troos en by te staan. Hy doen ʼn aangrypende gebed waarvan ons ʼn deel in Johannes 17 gelees het.

Maar die Here Jesus het ook slegte nuus! Hy waarsku die dissipels dat daar vir hulle ook nou ŉ swaar tyd voorlê! Hoekom? Want die Duiwel het ook “gebid”‘! Jesus, in sy alwetendheid as God, weet wat die Satan beplan het! Die Satan het alreeds een van die dissipels, Judas in sy mag! Judas is as verraaier uitgewys en het reeds die etenstafel verlaat om sy werk as verraaier te gaan doen! Maar daarmee was die Duiwel nog nie klaar nie! Ons lees dat die Duiwel ŉ ernstige versoek tot God gerig het en sy versoek is toegestaan! Die 1933 vertaling stel dit so: “ die Satan het vurig begeer om julle te sif”. Wat was die Duiwel se versoek aan God? Dat die dissipels ernstig beproef en getoets mag word! Dit is wat die metafoor “om gesif te word” beteken.

Waaraan herinner dit ons? Aan wie in die Ou Testamentiese geskiedenis kan ons nou dink wat die duiwel ook vir God gevra het om te sif? Aan Job nê! God het toegelaat dat die duiwel vir Job ernstig kon beproef! So ook nou met die dissipels! Want die duiwel weet as Hy die dissipels se geloof deur beproewing kon laat val of tot ŉ einde kon bring, dan vernietig hy die werk wat die Here Jesus met hulle gedoen het om hierdie 11 op te lei sodat hulle die leiers van die kerk kan word!

Satan weet dat die taktiek om die leiers te verlei baie suksesvol is! Hy het dit oor en oor in die Ou Testament met die konings van Israel gedoen! Sodra Satan ŉ koning van Israel verlei om weg van die Here te draai en afgode te dien, dan doen die hele volk dit saam met hom! En hier kom doen hy dit weer!

En vandag doen hy dit steeds! Tot vandag toe is dit sy taktiek om die leiers te teiken om sodoende die gemeente van die Here skade aan te doen! Hoe dikwels het ons dit nie al gesien dat wanneer ŉ dominee of ouderling of diaken of een of ander leier in ŉ gemeenskap in sonde val, hoe diep dit die mense tref wat na daardie persoon opgesien het! Die kerk van die Here ly geweldig skade wanneer ŉ leier in sy of haar geloof struikel en val!

En nou waarsku die Here Jesus die dissipels: die Satan wil julle geloof skud soos ŉ mens koring en kaf in ŉ sif skud om die kaf van die koring te skei. (Wys skyfies vir kinders) So wil Satan probeer om die dissipels se geloof soos kaf te laat wegwaai!
Hy doen dit vandag nog met elkeen van ons maar in besonder ook met die leiers van die gemeente! Elkeen wat op een of ander manier leiding neem en ander gelowiges begelei of help word so deur die Satan geteiken! Dis die slegte nuus! Wie voor loop in die geveg word eerste geteiken! Brs en srs, ons wat leiding neem moet hierdie waarskuwing van ons Here ernstig opneem en daarom ons verantwoordelikheid met groter erns opneem!

Maar ons Here Jesus bring ook goeie nuus vir die dissipels en ook vir ons! Hy het ook gebid! Die Here Jesus het as Wapendraer opgetree vir sy dissipels! Ons lees in vers 32 dat Hy ernstig gebid het dat die dissipels nie hulle geloof verloor nie! Jesus het geweet dat God alleen die dissipels kan bewaar en daarom bid Hy vir hulle! Hy

tree vir hulle in en Hy pleit by God die Vader dat sy dissipels, wat feilbare en sondaar mense is, se geloof behoue sal bly!

So stel die Here Jesus vir ons die voorbeeld maar roep Hy ons dwarsdeur die Skrif op om sy voorbeeld te volg en vir die leiers te bid! Om as wapendraers vir die leiers op te tree. Kom ons kyk gou weer na die tekste wat julle nou al ken:
(vertoon skyfies)
Romeine 15:30–31
Ek versoek julle dan dringend, broers, in die Naam van ons Here Jesus Christus en op grond van die liefde wat van die Heilige Gees kom: Stry saam met my deur vir my te bid [31]dat God my veilig mag hou tussen al die ongelowiges in Judea en dat my hulp aan Jerusalem aanvaarbaar mag wees vir die gelowiges daar.

Efesiers 6:18–20
Doen dit alles biddend en smeek God by elke geleentheid deur die Gees. Wees waaksaam en bid gedurig vir al die gelowiges. [19]Bid ook vir my dat wanneer ek preek, God my die woorde gee dat ek die geheimenis van die evangelie met vrymoedigheid kan bekend maak. [20]Ter wille van hierdie evangelie is ek ’n gesant in boeie. Bid dat ek dit met vrymoedigheid kan verkondig soos dit my opgelê is.

Hebreers 13:18
Hou aan om vir ons te bid, want ons is daarvan oortuig dat ons gewete skoon is, omdat ons in elke opsig probeer doen wat reg is.

Geliefdes, kom ons tree dan as wapendraers vir ons gemeente se leiers op en ons bid dat God hulle sal bewaar van die Bose! Bid gereeld en volhoudend dat God hulle sal bewaar en in stand hou! Leer om in jou persoonlike gebede maar ook in die gesin se gebede altyd vir die geestelike leier te bid! Bid vir hulle by naam! Jesus sê vir Petrus: ek het vir jou gebid! Vir jou persoonlik! Op die kaartjie wat ons verlede week uitgedeel het verskyn die name van leiers in ons gemeente! Werk daardie lys op die naam deur en bid vir elke leier in sy of haar persoonlike omstandighede – soos die Here vir Petrus wat voor ’n geweldige persoonlike krisis gestaan het en ook geval het!

Kom ons bid vir hulle want God antwoord ons gebede! Dit blyk baie duidelik uit ons teksverse! Ons Here Jesus voorspel alreeds hier vir Petrus dat hy in sy geloof gaan struikel en val, maar dat hy nie sy geloof sal verloor nie. Hy sal na sy val tot bekering kom en dat sal hy kragtig in die kring van die dissipels leiding gee en optree!

Hoe kan ons Here Jesus so seker hiervan wees? Hoe kan ons so seker wees dat God ons gebede beantwoord en ons leiers beskerm? Want tussen hierdie gebed van Jesus en Petrus se bekering lê die kruising van ons Here Jesus! Daar waar Hy met sy dood aan die kruis vir sy dissipels en vir ons almal se sonde betaal het en waar Hy vir ons die oorwinning oor die sonde behaal het! Ja, ons Here Jesus is ook meer

as Wapendraer in die stryd! Hy is ook die Oorwinnaar in die stryd teen die Bose! Hy het die oorwinning namens ons behaal! Hy het die Satan aan die kruis oorwin! Hy het die dood oorwin en opgestaan uit die graf en nou is Hy Koning!

Geliefdes, op grond van wat Jesus gedoen het, luister God na ons gebede en hou Hy ons in stand! Bewaar Hy ons van die Bose! Ja, ons as mense struikel en val in soms geloof – soos Petrus en al die ander dissipels ook gedoen het - maar omdat Christus vir ons met sy lewe ingetree het, bewaar God ons lewe! Daarom kon Petrus nadat Hy Jesus verraai het en al die ander dissipels later daardie na van Jesus weggevlug het, later die leiers van die kerk word – omdat Christus die Bose oorwin het! Daarom het Hy hulle en ons geleer: alles wat julle die Vader in My Naam vra, sal Hy julle gee! Christus is die grond van ons gebed en die rede waarom God ons gebede verhoor!

Wat ŉ wonderlike troos en krag! Kom ons gryp dan die opdrag van die Here aan en ons bid vir ons leiers! Hulle is soos ons almal ook sondige en feilbare mense! Hulle het ons gebede dringend nodig want Satan begeer steeds vurig dat hulle gesif moet word! Hulle het jou gebede nodig om God se werk te kan doen! Bid dat God hulle om Christus ontwil in stand hou! Pleit op grond van Christus se versoening dat God jou gebed sal verhoor!

Maar geliefdes, dis nie net die leiers wat gebede nodig het nie! Elkeen van ons, wie ons ook al is en wat ons ook al doen – elkeen van ons het gebed nodig! Dit is waarom ons Here Jesus vandag nog steeds vir elkeen van ons bid! Hy as Oorwinnaar sit vandag op sy troon en nou bid Hy as oorwinnaar en tree steeds vir ons in. Nie meer as menslike wapendraer nie, maar as Koning aan die regterhand van God. Daar is Hy die waarborg dat God ons bewaar!

Luister hier wat word in Heb 7:25 van Jesus gesê: “[25]Daarom kan Hy ook dié wat deur Hom na God gaan, eens en vir altyd verlos: Hy lewe vir altyd om vir hulle by God in te tree.” Die Here Jesus bid steeds vir elkeen van ons! Wat jy as sy kind ook al nodig mag hê vir jou stryd teen die Bose – daarvoor bid Jesus!

En Hy verseker jou dat Hy namens jou ook sorg dat God jou bewaar en al jou struikeling en val vergewe! Ons lees in 1 Joh. 2:1–2 Dit skrywe ek aan julle, my liewe kinders, dat julle nie moet sondig nie. En as een van ons sondig — ons het Jesus Christus, die regverdige, as ons voorspraak by die Vader. [2]Hy is die versoening vir ons sondes; en nie net vir óns sondes nie, maar ook vir dié van die hele wêreld.”

Net soos Petrus en die dissipels bewaar is op grond van Jesus se gebed vir hulle word ek en jy ook in ons lewe bewaar! Ja, elkeen van ons sondig ook! Ook as leiers van die gemeente! Maar Christus tree vir ons op! Hy is ons Advokaat by God en pleit vir ons omdat Hy vir al ons sonde betaal het! Daarom kan ons staande bly!

Geliefdes, wat ŉ wonderlike genade waarin ons kan lewe!

Kom ons luister daarom vanmore na die Here en word kragtige wapendraers wat vir ons leiers bid dat God hulle deur Christus sal beskerm teen die aanvalle van die Bose. Bid dat hulle ons kan lei en rig om Jesus ons Here te volg en te dien! Want wat is die taak van leiers: nie om self gevolg te word nie, maar om almal na Christus te lei sodat Hy gedien, ge-eer en verheerlik kan word! Hy wat self wapendraer was maar wat Oorwinnaar geword het, sodat ons in sy Naam kan bid!

Amen